# St. Cyril (sterf 869) en St. Methodius (sterf 885)

## 14 Februarie



© Die Oratorium Uitgewery

Hierdie twee broers staan bekend as die Apostels van die Slawiese volke. Hulle is gebore uit 'n senatorsfamilie in Thessalonika (Griekeland). Cyril studeer in Konstantinopel waar hy 'n dosent word. Methodius dien as goewerneur in een van die Bisantynse ryk se Slawiese provinsies voordat hy by 'n klooster intree. Aanvanklik word hulle deur die keiser gestuur om die Khazarstamme te bekeer, maar op versoek van prins Ratislav van Morawië gaan werk hulle onder die heidene daar omdat hulle die Slawiese taal kon praat. Hulle ontwerp 'n alfabet (wat vandag nog as Cyrillies bekend staan) om die Heilige Skrif en ander geestelike werke in Slawies te vertaal. Die pous ontbied hulle na Rome en daar sterf Cyril op 14 Februarie 869 kort nadat hy priester gewy is. Methodius word biskop gewy en stig die aartsbisdom van Velebrod (in moderne Slowakye). Ten spyte van die afguns van die Duitse biskoppe wat Morawië as deel van hulle gesagsfeer beskou het en die lewe vir hom baie moeilik gemaak het, volhard Methodius in sy sending en voltooi hy die vertaling van die Heilige Skrif kort voor sy dood.